# Byvoeging tot planbeskrywing

# Beleggingswaarborg

## Waarborgtipe: Waarborgopsie

### Hoe werk die beleggingswaarborg?

Die beleggingswaarborg geld gedurende die beleggingswaarborgtydperk, wat op die datum begin het waarop 'n beleggingswaarborg by die plan bygevoeg is, tot die beleggingswaarborgdatum, tensy dit vroeër gekanselleer word.  Die beleggingswaarborg sal verseker dat die eenheidsprys wat gebruik word om die waarde van die eenhede op die beleggingswaarborgdatum te bepaal, nie minder is nie as die gewaarborgde persentasie van die hoogste eenheidsprys wat gedurende die beleggingswaarborgtydperk vir 'n spesifieke beleggingsfonds bereik is.

Op sekere fondse is die eenheidsprys op die beleggingswaarborgdatum ook gewaarborg om ten minste gelyk te wees aan 'n gewaarborgde persentasie van die oorspronklike eenheidsprys aan die begin, ongeag die werklike prestasie van die beleggingsfonds.

Die gewaarborgde persentasies vir die hoogste eenheidsprys en vir die oorspronklike eenheidsprys kan vir verskillende beleggingsfondse verskil en word in die staat aangedui.

Die aanvangeenheidsprys wat gebruik word om die beleggingswaarborg te bepaal, sal die eenheidsprys van die beleggingsfonds wees op die tweede werksdag na die beleggingswaarborg by die plan bygevoeg is.

Die beleggingswaarborg geld slegs op die vroegste van die beleggingswaarborgdatum en die datum waarop ons kennis van die dood van die laaste oorlewende versekerde lewe ontvang. As die eenheidsprys van 'n beleggingsfonds waarop 'n beleggingswaarborg van toepassing is, op hierdie datum dan minder is as die maksimum van die gewaarborgde persentasie van die hoogste eenheidsprys en die gewaarborgde persentasie van die oorspronklike eenheidsprys, sal ons meer eenhede by daardie beleggingsfonds byvoeg om vir die verskil te vergoed.

### Sal daar verdere beleggingswaarborge na die beleggingswaarborgdatum wees?

Nee.  Die beleggingswaarborg staak op die beleggingswaarborgdatum.  As die planhouer na die opsiedatum met die plan voortgaan en ons steeds in daardie stadium die beleggingswaarborg op nuwe planne bied, kan die planhouer vir 'n daaropvolgende beleggingswaarborgtydperk met die beleggingswaarborg voortgaan, onderworpe aan die bepalings en voorwaardes in daardie stadium.

### Wanneer sal die beleggingswaarborg gekanselleer word?

As die fondswaarde van 'n beleggingsfonds waarop 'n beleggingswaarborg van toepassing is ooit omgeskakel of onttrek word, sal die beleggingswaarborg van daardie beleggingsfonds gekanselleer word.

---